SKOOLREËLS

Wanneer jy jou skoolklere dra, verteenwoordig jy jou skool en is jy 'n advertensie vir MHS in die openbaar. Alle skoolreëls geld!

1. SEUNS: SOMERSDRAG

- Kakiehemp en kakiekortbroek.
- Swart belt mag gedra word - geen groot gespes (buckles) nie.
- Skooloortrektrui, skoollangmoutrui, skoolbaadjie (blazer).
- Groen skoolkouse (nie rugbykouse nie).
- Swart skoene met veters (geen gespe). Skoene moet vasgemaak wees.
- Geen stewels nie.
- Groen skooldas of eerste-spandas.
- Klere mag nie afgewerk word of te klein of te kort wees nie.
- Somers- en wintersdrag mag na keuse gedra word, mits dit volle somers- of wintersdag is.

2. SEUNS: WINTERSDRAG

- Wit langmouhemp.
- Gr. 8 - 9: Grys skoollangbroek met regaf pype wat op jou skoene hang met grys of swart belt - geen groot gespes (buckles) nie.
- Gr. 10 -12: Swart skoollangbroek met regaf pype wat op jou skoene hang met swart belt - geen groot gespes (buckles) nie. Geen "skinny's" of denims nie.
- Skooloortrektrui, skoollangmoutrui, skoolbaadjie (blazer).
- Sweetpaktop mag slegs as deel van wintersdrag-uniform gedra word.
- Swart kouse of groen skoolkouse.
- Swart skoene met veters (geen gespe). Skoene moet vasgemaak wees.
- Geen stewels nie.
- Groen skooldas of eerste-spandas.
- Skoolserp. Geen Springbokserpe nie.
- Geen pette of mussies word toegelaat nie.
- Klere mag nie afgewerk word of te klein of te kort wees nie.
- Somers- en wintersdrag mag na keuse gedra word, mits dit volle somers- of wintersdag is.

3. SEUNS: HARE

- Jou hare moet onder alle omstandighede netjies lyk en mag nie onnodige aandag trek nie.
- Jou haarpunte mag nie aan jou hemp se kraag raak wanneer jy regop staan nie.
- Jou hare mag op geen plek op jou kop langer as 7cm wees nie.
- Jou hare mag nie aan jou ore raak wanneer dit reguit gekam word nie.
- Jou kuif mag nie aan jou wenkbroue raak nie.
- Geen vorms of paadjies mag in die hare of tot teen die kopvel gesny of geskeer word nie.
- Hare mag nie sekere dele geskeer word en ander dele lank wees nie ("under cuts").
- Hare moet gelyk en dieselfde lengte in die nek wees.
- Jou natuurlike haarkleur moet gehandhaaf word.
- Jy mag jel of mousse gebruik om moeilike hare in toom te hou.

- Geen toutjies- of gevlegte hare nie.
- Seuns se baard en snor moet ten alle tye glad geskeer wees.
- Jou kantbaard moet geskeer of gesny word, nie laer as die middel van jou oor nie.

4. SEUNS: JUWELE EN NAELS

- Polshorlosie sonder enige versierings. (Horlosiebandjies toelaatbaar anders as goud of silwer: skoolkleure - groen/swart/wit/geel/bruin leerbandjie).
- Slegs skoolverwante lapelwapens/speldjies mag op baadjielapelle gedra word.
- Geen hangertjies, armbande, ringe of oorbelle mag gedra word nie behalwe een MIDDIE-bandjie en een MIDDIE-skakelbandjie.
- Geen tongringe of juwele wat "piercings" vereis, word toegelaat nie.
- Wanneer juwele deur 'n onderwyser ingeneem word, word dit in 'n koevert of sakkie geplaas met die datum wanneer dit ingeneem is, asook 'n datum wanneer dit weer afgehaal mag word (vier weke later). Hierdie koevert of sakkie word by me. Stoffelien Coetzee ingehandig. Leerder mag dit dan na vier weke (tweede datum) by me. Coetzee gaan afhaal.
- Geen tatoeëring (henna ingesluit) mag by skool- of sportdrag sigbaar wees nie.
- Naels moet ten alle netjies en skoon wees.
- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie. Seuns mag gevra word om onmiddellik hulle naels te knip.

5. DOGTERS: SOMERSDRAG

- Groen romp (die lengte van die dogters se romp moet nie meer as 15cm vanaf grond wees wanneer hulle op hul knieë staan).
- Wit kortmouhemp met wapen op sak.
- Onderklere moenie sigbaar wees deur klere nie, verkieslik neutrale klere.
- Kort "ski-pants" moet onder rompe gedra word, en moet skoolkleure (swart of groen) wees en mag nie onder jou skoolklere uitsteek nie.
- Skooloortrektrui, skoollangmoutrui, skoolbaadjie (blazer). Trui mag nie in romp gedruk word nie.
- Kort bottelgroen sokkies (omgevou).
- Swart skoolskoene met bandjie oor die voet of skoolskoene met veters.
- Skoolskoene moet vasgemaak wees.
- Klere mag nie afgewerk word of te klein of te kort wees nie.
- Somers- en wintersdrag mag na keuse gedra word, mits dit volle somers- of wintersdag is.

6. DOGTERS: WINTERSDRAG

- Groen romp (die lengte van die dogters se romp moet nie meer as 15cm vanaf grond wees wanneer hulle op hul knieë staan) of swart skoollangbroek (geen stywe broeke, "skinny's" of denims nie).
- Wit langmouhemp.
- Onderklere moenie sigbaar wees deur klere nie.
- Skooloortrektrui, skoollangmoutrui, skoolbaadjie (blazer). Trui mag nie in romp gedruk word nie.
- Sweetpaktop mag slegs as deel van wintersdrag-uniform gedra word.
- Swart ondeursigtige (opaque) "tights" by rompe. Geen kouse/"knee highs" onder "tights" nie.
- Swart kouse by swart broeke.
- Swart skoolskoene met bandjie oor die voet of skoolskoene met veters.
- Skoolskoene moet vasgemaak wees.
- Skooldas of eerste-spandas.

- Skoolserp. Geen Springbokserpe nie.
- Geen pette of mussies word toegelaat nie.
- Somers- en wintersdrag mag na keuse gedra word, mits dit volle somers- of wintersdag is.

7. DOGTERS: HARE

- Jou hare moet ten alle tye netjies lyk en mag nie onnodige aandag trek nie.
- Jou haarstyl mag nie meer as 7cm van jou kopvel wegstaan nie.
- Lang hare moet vasgebind of gevleg wees. Geen los slierte word toegelaat nie.
- Lang hare wat oor jou kraag hang, moet vasgebind word.
- Kuiwe mag nie oor die wenkbroue hang, of oor die gesig val nie. Lang kuiwe moet vasgesteek word.
- Jou natuurlike haarkleur moet gehandhaaf word.
- Geen vorms of paadjies mag in die hare of tot teen die kopvel gesny of geskeer word nie.
- Hare mag nie sekere dele geskeer word en ander dele lank wees nie ("under cuts").
- Haarversierings moet funksioneel wees.
- Haarversierings moet beperk word tot rekkies, knippies, linte, scrunchies, of haarbande.
- Drie krale kan per haarverlenging-string gedra word.
- Bruin of swart knippies (geen blink knippies nie).
- Haarversierings moet in skoolkleure wees, nl. swart, wit, geel, bottelgroen of deurskynend.
- Geen kant- of linthaarbande word toegelaat nie. Geen "buffs" of haarserpe nie.

8. DOGTERS: GRIMERING

- Geen grimering of vals oogwimpers word toegelaat nie.
- Dogters mag gevra word om onmiddellik hulle grimering te verwyder.
- Geen permanente grimering word toegelaat nie.
- Geen tatoeëring (henna ingesluit) mag by skool- of sportdrag sigbaar wees nie.

9. DOGTERS: JUWELE

- Polshorlosie sonder enige versierings. (Horlosiebandjies toelaatbaar anders as goud of silwer: skoolkleure - groen/swart/wit/geel/bruin leerbandjie).
- Slegs skoolverwante lapelwapens/speldjies mag op baadjielapelle gedra word.
- Geen hangertjies of armbande mag gedra word nie behalwe een MIDDIE-bandjie en een MIDDIE-skakelbandjie.
- Oorringetjies met 'n maksimum deursnit van 'n 10c-stuk (nie groter as 16mm nie) met 'n dikte van 2mm (slegs goud of silwer) - geen ontwerpe op die ringetjie nie.
- Slegs een paar goue, silwer of wit pêrel oorknoppies ("studs") waarvan die deursnee 4mm is. Dit moet in die onderste gaatjie (indien daar meer as een is) gedra word.
- Slegs een paar Middie-oorbelle met skoolwapen mag gedra word. Gr. 8-11 dra wit oorbelle en gr. 12 dra swart. Oorbelle is beskikbaar by die bemarkingskantoor.
- Geen oorbelle met balletjies aan die agterkant van oor nie.
- Oorbelle mag nie met pleisters toegeplak word nie.
- Slegs een seëlring word toegelaat.
- Geen tongringe of juwele wat addisionele "piercings" (behalwe oorringetjies) vereis, word toegelaat nie.
- Wanneer juwele deur 'n onderwyser ingeneem word, word dit in 'n koevert of sakkie geplaas met die datum wanneer dit ingeneem is, asook 'n datum wanneer dit weer afgehaal mag word (vier weke later). Hierdie koevert of sakkie word by me. Stoffelien Coetzee ingehandig. Leerder mag dit dan na vier weke (tweede datum) by me. Coetzee gaan afhaal.

10. DOGTERS: NAELS

- Naels moet ten alle netjies en skoon wees.
- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie. Dogters mag gevra word om onmiddellik hulle naels te knip.
- Geen opgeboude of aangeplakte naels word toegelaat nie.
- Slegs deurskynende naellak mag aangewend word.

11. GRAAD 8-BEFFIE

Graad 8-beffie is verpligtend vir alle graad 8's en word ook met alle skoolaktiwiteite bo-oor skooldrag gedra tot die graad 8-ontheffing.

12. SIWWIEDAE

(Dra van siviele klere i.p.v. skooluniform)

- Siwwiedae is 'n voorreg.
- Jou skouers en maag moet bedek wees.
- Klere mag nie te styf, te kort of te kaal wees nie.
- Gemaklik, maar gepas vir skool.
- Skoolreëls t.o.v. hare, naels, grimering en juwele geld steeds op siwwiedae.
- Graad 8's dra op siwwiedae Middiedrag. Sien 13. hieronder.
- Na die ontheffing mag graad 8's gewone klere op siwwiedae dra.

13. MIDDIEDRAG

- Middiehemp.
- Middiebroek.
- Sporttekkies.
- Sportkouse (swart/wit).
- Middiesweetpak.
- "Warm-up top".